
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.




# Die O.B.




DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 16 AUGUSTUS 1944. No. 39.

## VERPLETTERENDE NEDERLAAG VIR SKEURBELEID

### O.B. Begroet Malan-Bevel Met Donderende „ Nee!''

**Die skeurbevel van dr. D. F. Malan het 'n week voor die groot O.B.-dag-vierings gekom. Dit was van die begin af duidelik dat dr. Malan gehoop het om die Ossewabrandwag se fondsinsameling daardeur 'n gevoelige klap toe te dien. Die eerste opgawes van die vierings openbaar egter dat die Ossewabrandwag, en saam met hom die volk, dr. Malan se onverantwoordelike bevel met 'n donderende „nee' beantwoord het. Geen plek toon die geringste agteruitgang in vergelyking met verlede jaar se poging nie. Inteendeel wys alles daarop dat die kommando's vanjaar 'n rekord-opbrengs gelewer het wat dié van verlede jaar by verre oortref — in sommige gevalle soveel as dubbeld.**

Volledige opgawes omtrent die verskillende generaalskappe is nog nie beskikbaar nie, maar onderstaande syfers wat die opbrengs van enkele kommandantskappe verteenwoordig, is genoegsame bewys van die verpletterende nederlaag wat dr. Malan gely het.

**Upington-dorpkommando, wat verlede jaar die pragtige bedrag van £300 opgelewer het, het met hul viering op 5 Augustus die ongelooflike bedrag van £530 opgebring. Dit is Upington se antwoord op dr. Malan se skeurbevel.**

**Franschhoek se kommando's het ook 'n basaar gehou op dieselfde dag en hoewel die lyste rondgegaan het ná die oproep van dr. Malan, het hierdie manne- en vroue-kommando's deur skitterende samewerking die pragtige bedrag van £205-10-0 opgebring vergeleke met £100 verlede jaar — dus meer as 'n verdubbeling. Dit is Franschhoek se antwoord op dr. Malan se skeurbevel.**

Rawsonville het vanjaar £150 ingebring, **wat dubbeld soveel is as verlede jaar.** Dit is Rawsonville se antwoord op dr. Malan se skeurbevel.

Worcester se opbrengs is vanjaar £250 vergeleke met £170 verlede jaar. Dit is Worcester se antwoord op dr. Malan se skeurbevel.

Die dorp George het £140 opgebring met hul funksie wat die helfte meer is as verlede jaar. Dit is George se antwoord op dr. Malan se skeurbevel.

Clanwilliam het ten spyte van onoorkomelike uitgestrektheid die bedrag van £130 opgebring wat aansienlik hoër is as verlede jaar. In 1942 was die opbrengs £35.

'n Plek soos Robertson wat so hard geslaan was dat hy verlede jaar nie eens 'n selfstandige funksie kon hou nie en die jaar voor dit maar 'n skamele £11 ingesamel het, het 'n week ná dr. Malan se oproep om die O.B. te vernietig, £100 ingesamel vir dieselfde Ossewabrandwag. Dit is Robertson se antwoord op die skeurbevel van dr. Malan.

**Ander opgawes is Malmesbury £260 vergeleke met £178 verlede jaar, Beaufort-Wes £146, wat aansienlik hoër is as die vorige keer, en Kirkwood £300, wat een-vyfde is van die totale bedrag wat die hele gebied van Oos-Kaapland verlede jaar opgebring het. Uit die Vrystaat is berig ontvang van die generaalskap Fouriesburg (genl. H. A. du Toit) wat £1,100 opgebring het.**

**Al hierdie funksies is gehou ná dr. Malan se oproep en kan die volk dus nou self oordeel watter invloed die skeursieke „volksleier'' nog op sy volk het.**

Vir dr. Malan spel hierdie antwoorde net een woord en dit is **politieke ondergang.** Want dit is nie „mosies van vertroue'' wat op vergaderings geneem is nie, maar dit is die donderende DAAD van 'n marsjerende volk. Dr. Malan het drie jaar lank sy bes gedoen om hierdie opmars na Afrikanervryheid te stuit. Hy het begin met ultimatums, sy volgelinge het voortgegaan met skinderveldtogte, sy pers het dit opgevolg met boikot en dr. Malan self het dit afgerond met 'n tweede oorlogsverklaring. **Alles tevergeefs!**

Dr. Malan het nog net een hoop en dit is om die regering te oorreed om die Ossewabrandwag deur wetgewing te vernietig. **Die regering self weet egter dat geen wet 'n volk op mars kan vernietig nie, en daarom spel die DADE van die Ossewabrandwag vir dr. Malan en die regering net een woord: POLITIEKE ONDERGANG. Maar vir die Afrikanervolk beteken hierdie antwoord: Vryheid en Eenheid!**



Ons Kommandant-generaal wat, soos soveel keer tevore, weer die regte leiding aangegee het.

### REUSE-WELSLAE

**Voordat ons ter perse gegaan het, het ons berig ontvang van die volgende Fondsinsamelings, wat bewys is van die onstuitbare wils- en werkkrag van die Ossewabrandwag, en terselfdertyd openbaar hoe volmaak dr. Malan gefaal het in sy jongste poging om die O.B. te breek.**

**Kaapse Skiereiland £1,315 vergeleke met £1,200 verlede jaar.**

**Paarl Hoofkommandantskap oor die £1,200, wat oor die twee-derdes is van die bedrag wat deur die hele generaalskap verlede jaar ingebring is.**

**Stellenbosch Hoofkommandantskap oor die £700 vergeleke met £600 verlede jaar. Hierdie generaalskap het dus oor die £2,200 ingebring.**

**Vir dr. Malan en die ander demokratiese elemente is 8 Augustus 1944 'n swart dag. Vir die Afrikanerdom is dit 'n oorwinningsdag.**

### OOK IN TRANSVAAL

Dat die Ossewabrandwagvierings op 8 Augustus in Transvaal ook met skitterende welslae afgeloop het, blyk uit 'n berig van die Waterberg-sentraalkommando. Hierdie kommando het vanjaar drie funksies afsonderlik vir elk van sy drie veldkornetskappe gehou. Wat die ander twee opgelewer het is nog nie bekend nie, maar die veldkornetskap van veldkt. Dirker, wat op Zondagsloop saamgetrek het, het £100-1-9 ingebring in vergelyking met £60 verlede jaar.

### VIR OORLOGSFONDS SÊ LASTERAARS !

Een van die jongste skinderpraatjies teen die O.B.-Noodhulpfonds is dat die geld gebruik of belê is in die regering se oorlogsfondse, berig ons korrespondent uit Transvaal.

Toe 'n O.B.-offisier onlangs in Bethlehem vir die Noodhulpfonds gaan kollekteer het, het iemand wat hy genader het hom meegedeel dat die betrokke hoofkwartier dit sal bevestig dat die geld gebruik of belê is in die regering se oorlogsfondse

Moontlik het hierdie skinderstorie sy grond in die feit dat H.N.P.-blaaie wel advertensies plaas vir oorlogsfondse maar nie vir die O.B.-Noodhulpfonds nie. Nou word die feite verwar.

### DIE O.B. SE BELEID

**1. Die Ossewabrandwag as volksbeweging kan op ALLE fronte veg.**

**2. Deur 'n volksfront by 'n verkiesing te stig, versaak die O.B. nog nie sy buite-parlementêre taak nie, MAAR VUL DIT AAN.**

**3. Deur sy gewig ook by 'n verkiesing in te werp, word die O.B. net so min 'n politieke party as wat hy 'n VAKBOND geword het toe hy 'n arbeidsfront gestig het.**


**4. Die O.B. beskou NOG sy buite-parlementêre taak as hoofsaak, en gaan sy hoofaandag daaraan skenk.**

### ONTSETTENDE TAAL

Met die grootste huiwering lig ons ons lesers in oor wat dr. Malan se lyforgaan, Die Kruithoring, te sê het oor die persone wat mnr. Mentz geslaan het. Die blad skryf:

„Voor die God van ons vadere werp ons hulle uit die geledere van die Afrikanervolk. Nie een van hulle durf homself weer in die vervolg Afrikaner noem nie. Sulke soort mense hoort nie by ons volk tuis nie. Almal wat die aanranding goedkeur, **almal wat in die toekoms 'n pennie bydra tot die organisasie van die beweging wat hierdie soort optrede moontlik maak is saam met hulle gedoem.''**

Met „beweging'' bedoel die blad natuurlik die Ossewabrandwag vir wie se fonds duisende Afrikaners sedert hierdie banvloek bygedra het, soos blyk uit berigte in hierdie uitgawe. Al hierdie mense, so sê dr. Malan se spreekbuis, „is saam met hulle gedoem.''



DIE TWEEDE SKOF . . .

In u werkjare kan u dit waag om die toekoms met gerustheid tegemoet te sien, want u inkomste is gereëld en seker genoeg om u die goeie vooruitsig te verskaf dat u lewensloop langs 'n gebaande weg sal gaan.

Maar . . . daardie gestrate pad loop dood as u die dag aftree en u inkomste dan daal of heeltemal ophou. En die pad verder kan vir u (*en* vir u afhanklikes !) 'n baie moeilike en slegte pad wees—tensy u *nou-al* sorg om ook dáárdie deel van u lewenspad te „straat'' deur—

*'n Sanlam-polis*

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR. WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

## O.B.-SKRYFBLOKKE

met 2 pakkies bypassende koeverte.

DIE BESTE GEHALTE VOOROORLOGSE PAPIER.

**3/6** posvry.

KONTANT MET BESTELLING.

Bestel deur:

Gebiedshoofkwartier

Kamer 603, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.



## Schoemanello Drank....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. .. | 7/– | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. | 3/– | — |
| Hanekraal — Cocktail .. .. .. | 4/– | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. .. | 2/6 | 11/– |
| Ou Wit Port en Sauterne .. | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. .. .. | 1/8 | 8/– |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. .. | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak .. | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet), .. .. | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/– |
| Spesiale (Soeterig) .. .. .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) .. .. .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/– |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. | 7/– | 37/– |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/– |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/– | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. | 6/6 | 34/– |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen .. .. | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraal bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.



ONS ADVERTEERDERS ONDERSTEUN ONS! ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!


## NIE MISHANDEL, DOG BROOD GEGEE

### K.G. oor Kraukamp-storie

Na aanleiding van die Malan-partygroep se klag dat die Ossewabrandwag die kroongetuie Kraukamp ontvoer en mishandel het, het die Kommandant-generaal op 4 Augustus te Roodepoort verklaar: „Ek weet dat Kraukamp 'n kolonel van die S.J.'s was wat sy manne by die polisie weggegee het, **maar ek het nog nooit daarvan gehoor dat hy ooit ontvoer of gruwelik mishandel was nie, nie eens deur die Salvation Army of die Boy Scouts of enige persoon of mens nie.** Die O.B. word egter met groot gebaar verantwoordelik gehou vir iets wat nooit gebeur het nie. Maar laat ek nou aan adv. Strydom iets vertel wat hy waarskynlik nie weet nie. **Ek weet nie watter geesverwantskap daar tussen hom en Kraukamp bestaan en watter hulp hy aan Kraukamp se eggenote en gesin gegee het terwyl hy weg was nie, maar die O.B. se Noodhulpfonds het wel hulle plig gedoen. Gedurende die dertien maande wat hy weg was, het die Noodhulpfonds haar en haar gesin in staat gestel om te bestaan.''**

Die Kommanant-generaal het die skinderstories betreur en gesê dat hierdie Kraukamp-storie 'n tipiese voorbeeld is van die metodes van die partypolitici. Hierdie kwaad sal 'n volk wat deur die sterkste wêreldryk nie gebreek kon word nie, op sy knieë bring as dit nie vroegtydig uitgeroei word nie. **„Dit is onaangenaam om te weet, maar ons is die enigste volk wat op die uur van ons felste krisis ons erkende volksleier laat uitskinder het. Dit is wat met wyle genl. Hertzog gebeur het,'' het die K.G. gesê.**

## PANIEK OOR O.B.

### Dept. van Justisie se Verregaande Optrede

Hoe buitengewoon vyandig die regering, en veral die Departement van Justisie teen die Ossewabrandwag gesind is, blyk uit onderstaande brief wat deur die Sekretaris van Justisie geskryf is in verband met die aanstelling van 'n dame in die betrokke departement:

„Ek wens u mee te deel dat mej. — deur die Staatsdienskommissie aanbeveel is vir aanstelling in hierdie Departement. Met die oog op die feit dat staatsamptenare nie toegelaat word om as lede van die Beweging, bekend as die Ossewabrandwag, op te tree nie, sal die Departement bly wees om verseker te word dat nòg mej. — nòg haar naverwante, lede van hierdie organisasie is. Onder geen omstandighede mag die betrokke persone in verband met hierdie navraag genader word nie.''

Die brief is onderteken deur die Sekretaris van Justisie.

Met die uitsuiwering van sy departement kan die Sekretaris van Justisie heel bo begin. Sy hoof, dr. Colin Steyn, se suster neem 'n leidende rol in die Ossewabrandwag. Ook van genl. Smuts se „naverwante'' beklee posisies in die Ossewabrandwag. Daar is dus kans vir 'n baie groot suiwering!

# Groter Geesdrif en Meer Lede Volg op Oorlogsverklaring

## Eie Volgelinge sê dis Belaglik

**'n Wyd vertakte navraag oor die gevolge van dr. Malan se nuwe oorlogsverklaring teen die Ossewabrandwag, openbaar dat dr. Malan 'n indrukwekkende offensief van stapel gestuur het sonder dat die aanval deur infanterie opgevolg is. Dit gaan uitloop op 'n verpletterende nederlaag vir die partypolitici. Op geen plek het die Ossewabrandwag regstreeks as gevolg van die nuwe oproep van dr. Malan enige skade gely nie, dog inteendeel nuwe aansluitings gekry.**

Allerweë spreek partylede hul verbasing uit dat 'n leier homself so belaglik kan maak om die volk tot skeuring op te roep oor so 'n voorval soos die Mentz-aanranding. Selfs 'n groepleier van die H.N.P. het verklaar dat so 'n optrede hom dronkslaan, want, so verklaar hy, dit gebeur tog dikwels dat persone soms oor so 'n nietigheid as 'n draadloos wat te hard speel, mekaar te lyf gaan, en niemand het nog ooit gedink om die volk daaroor tot 'n skeuring aan te hits nie, al behoort sulke persone ook aan watter organisasie.

**Nie alleen het die optrede geen uitwerking gehad nie, maar onderwyl die H.N.P.-pers hul trommelvuur op die Volksbeweging gerig gehou het, het die een kommando na die ander gerapporteer van nuwe aansluitings. Op 'n plek soos Robertson, by voorbeeld, waar die Ossewabrandwag sedert die skeuring nog nooit weer op sy voete kon kom nie, het daar so 'n herlewing gekom dat die kommando in enkele dae elf nuwe lede ingeskryf het. 'n Paar dae na dr. Malan se offensief het hierdie kommando sy O.B.-dagfunksie gehou en £100 opgebring vergeleke met £11 in 1942 — verlede jaar het hulle nie eens kans gesien om selfstandig op te tree nie.**

### WANHOPIG

Meeste mense neem die nuwe oorlogsverklaring op as 'n laaste en wanhopige poging van dr. Malan om die opkoms van die Ossewabrandwag te verhoed. Hulle besef dat dr. Malan nog nooit enige beginselbeswaar teen geweld gehad het nie, soos blyk uit die verheerliking deur sy pers van by voorbeeld die manne wat prof. Lamont geteer-en-veer het. **Dieselfde pers wat tans so te kere gaan oor geweld, het indertyd 'n kollektelys geopen om die boete van daardie manne te betaal.** Teen geweld as sodanig, so word gevoel, het dr. Malan dus nie beswaar nie. Hy het tewens ook nog nêrens die gewelddadigheid op politieke vergaderings afgekeur nie — laat staan nog lede van 'n party versoek om hul party te bedank weens die bakleiery van partygenote. Hulle besef dat dr. Malan maar net na hierdie voorval as 'n stok gegryp het om sy oorlog van drie jaar gelede voort te sit nadat sy doodswyg-taktiek 'n kolossale mislukking geblyk het. **Almal vra hulself dan ook af watter hoop dr. Malan het om lede van die Beweging nou tot bedanking aan te hits wanneer sy geweldige offensief van 1941 hul vertroue nie kon skud nie en wel in 'n tyd toe die grootste deel van die O.B.-lede nog heelhartige vertroue in dr. Malan se leiding gehad het?** As hy toe nie daarin kon slaag om die Ossewabrandwag te vernietig nie, dan het hy tans 'n oneindig minder hoop daartoe. **Sy optrede kan alleen die uitwerking hê om die Afrikanervolk lam te slaan op 'n oomblik wanneer hy alle kragte nodig sal hê om homself teen buitelandse vyande te handhaaf. Dr. Malan se oproep word dan ook vertolk as 'n blatante bewys van sy gebrek aan staatsmanskap, want op 'n tydstip wanneer die volk elke greintjie moraal nodig het om staande te bly, kom hy as verantwoordelike leier en roep die volk op tot verdere verbrokkeling en onderlinge stryd.**

Daarteenoorstaan die leiding van 'n staatsman soos dr. Van Rensburg wat sê: „Moenie kies nie — die man wat u vra om te kies, is die man wat u vra om te skeur!''

Dr. Malan weet uit die ervaring van die afgelope drie jaar dat die volk nie na hom geluister het toe hy hulle opgeroep het om die Ossewabrandwag te vernietig nie. Die Ossewabrandwag bestaan nog. **Sy oproep nou kan dus slegs lei tot groter verbittering en twis in die volksgeledere. Nogtans doen hy dit en wel met geen ander motief nie as om sy eie leierskap te probeer handhaaf. Nogeens openbaar dr. Malan sy jammerlike gebrek aan staatsmanskap. Nogeens stel hy die volk voor die keuse om in die uur van sy nood te kies tussen die persoon van dr. D. F. Malan en sy eie voortbestaan. Die volk sal daardie keuse nou doen en die geskiedenis sal dit bekragtig.**

# Kommunisme Ken Geen Vriende

**Wie nog so kinderlik was om te glo dat die kommunistiese gevaar met mooipraat en partypolitieke uitoorlêery besweer kan word, se oë behoort na die jongste gebeurtenisse in Europa en in ons land, nou oop te gaan. In die afgelope twee weke het daar drie dinge plaasgevind wat dit vir elkeen duidelik behoort te maak dat jy die kommunisme nie met die gewone sitkamermetodes kan beveg nie, maar dat jy hom op sy eie terrein moet ontmoet.**

Op 27 Julie het 'n lid van die hoofbestuur van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika as volg verklaar: „Tot dusver het ons saamgewerk met Smuts, maar vandag het die ou man se nut tot 'n einde gekom.''

Solank Sowjet-Rusland Suid-Afrika se hulp nodig gehad het en solank die kommuniste hier die Smuts-party se hulp nodig gehad het, solank was Smuts vir hulle nuttig. Nou dat Rusland oënskynlik alles omkeer voor hom, het Smuts se nut tot 'n einde gekom. Dit is die geloofsleer van die kommunisme. **Hy gebruik sy vriende net totdat hul nut tot 'n einde kom, en dan likwideer hy hulle. Die huidige regering sal dus nog uitvind dat hy geen genade van hierdie mense te wagte het nie — selfs al gooi hy Suid-Afrika se hekke vir Moskou oop. Sodra hulle binne is, verval die regeringsmanne se nut vir hulle.**

Die ander punt van belang is Stalin se optrede in Pole. In Teheran het hierdie kameraad ooreengekom met Churchill en Roosevelt om die Europese vraagstuk „gesamentlik'' op te los. Toe was Churchill en Roosevelt vir Moskou nog „nuttig''. **Maar nou het Moskou op eie krag in Pole opgeruk, en nou stel Stalin sy eie Poolse regering aan sonder raadpleging met Londen en Washington, want hul nut het nou tot 'n einde gekom.**

Die derde punt van belang is Eden se verklaring in die Britse Laerhuis dat as die kommunistiese organisasie in Griekeland „volhard in sy weiering om met die Griekse regering saam te werk op die grondslag van die Libanon-ooreenkoms, hulle verantwoordelik gehou moet word vir die mislukking om eenheid van Griekse beleid te verkry.''

Lesers sal onthou dat ons op 31 Mei na aanleiding van die Libanon-ooreenkoms geskryf het dat „die mooiste konferensie-besluit is onmagtig om 'n volk van kommunistiese geweld te red'', en dat die kommuniste IN Griekeland net sal glimlag oor die nasionale regering wat BUITE Griekeland gevorm is. **Binne twee maande het die praktyk ons stelling bewaarheid. Griekeland se kommuniste beskou die konferensiehouers van Libanon tans nie meer nuttig nie. Griekeland is aan die kommunisme uitgelewer in geval van 'n Duitse nederlaag.**

Wanneer 'n kommunistiese leier in ons land drie dae na dr. Malan se

(Vervolg op bls. 3, kol. 3)


*U MOET DIT LEES!*

## „'N VOLK OP TREK''

of

*'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE ONTSTAAN VAN DIE OSSEWABRANDWAG.*

Geskryf in opdrag van die Groot Raad deur

PROF. DR. A. J. H. VAN DER WALT,

(Sekretaris van die Groot Raad)

In die 137 bladsye van hierdie boek vind u die feite omtrent die pynlike broederstryd wat teen die O.B. ontketen is en hoe ons Volksbeweging dit oorleef het.

Prys 3/3 posvry.

*Oplaag beperk. Bestel dadelik van:*

PUBLICITÉ HANDELSREKLAMEDIENS (EDMS.) BEPERK,

Posbus 4892, JOHANNESBURG.

DIE O.B., WOENSDAG, 16 AUG. 1944

# Geen Party

Nadat die Ossewabrandwag sewe maal probeer het om die volk by 'n verkiesing tot gesamentlike optrede in plaas van onderlinge stryd op te roep, en dr. Malan al sewe pogings getorpedeer het, ja die laaste poging van 22 Junie 1944 beantwoord het met 'n nuwe skeurbevel, het die Kommandant-generaal die moontlikheid uitgespreek dat die Ossewabrandwag self die volle politieke leiding op hom kan neem om die volk tot eenheid en oorwinning te lei. Die demokrate aan alle kante het so geskrik vir hierdie moontlikheid dat die regeringspers en die opposisie-blaaie in een asem skreeu: „Die O.B. word 'n party!" Hulle het dit nie gewaag om die K.G. se toespraak volledig te plaas nie, **want dan sou die volk mos lees dat die O.B. nie 'n party word nie, maar nog 'n groter en omvattender volksbeweging! Dan sou die volk mos besef dat die politici se dae getel is, want indien die Ossewabrandwag die dag oorgaan om leiding by 'n verkiesing te neem, sal dit nie 'n onderlinge stryd tussen demokrate wees nie, maar sal die volk aan die een kant opstaan teen alle volksverdelende demokrate aan die ander kant. Dit sal 'n stryd wees tussen volkseenheid en volksverdeeldheid en die beslissing sal finaal wees met 'n volksoorwinning onder O.B.-leiding.** Daarna sal daar geen volksverdelende parlement meer wees nie, maar 'n eenheidstaat waarin alle dele van die volk — die werkers, die boere, die beroepsmanne — tot samewerking gemobiliseer sal wees en nie tot konstitusionele burgeroorlog soos onder die partystelsel nie. **Dan sal die vraagstukke van die land opgelos word deur gesamentlike kraginspanning soos die Ossewabrandwag se Noodhulpfonds bewys, en nie gekoester word as skietgoed waarmee die een party die ander gedurig kan bestook nie — soos die Malanpolitici se interneringsbeleid bewys, wat die een dag die regering verwyt omdat hy nie genoeg interneer nie en die ander dag spog dat hulle geïnterneerdes „losgekry" het !**

**VIR DIE VOLK**

In sy verkiesingsbeleid het die Ossewabrandwag nog steeds die groter volk in gedagte gehad en nie die enge party nie. Daarom wou hy self nooit kandidate stel solank daar nog kans was om die opposisiegroepe tot groter eenheid te oorreed nie. Nog steeds het die Ossewabrandwag 'n beroep op die politieke partye gedoen om die punte van ooreenkoms te soek sodat 'n breë volksfront opgewerp kan word teen die gemeenskaplike vyand. **Ook in sy verkiesingsbeleid verlede jaar het die Ossewabrandwag aangedring dat die stryd gevoer moet word oor die oorlog waaroor alle anti-oorlogsgroepe tog saamstem. 'n Party wil egter nie vir 'n volk veg nie, maar vir homself, Daarom het dr. Malan verlede jaar geweier om die verkiesing oor die vraagstuk van oorlogdeelname te voer, en het hy verkies om dit liewer te voer oor na-oorlogse ekonomiese vraagstukke.** Oor ekonomiese vraagstukke het elke individu omtrent 'n eie mening sodat daar op hierdie gebied groot moontlikheid tot verskil bestaan. **Dr. Malan het die punte van verskil gesoek — soos hy dit nog steeds doen met sy uitskopbeleid van mede-Afrikaners.** Langs hierdie weg sal ons nooit tot oorwinning kom nie. Tensy ons volk saamstaan soos die Smutsman, Madeley-man en Stallard-man vandag saamstaan, het ons geen hoop om ooit ons ideale te bereik nie.

Sewe maal het die Ossewabrandwag probeer om hierdie saamstaan te bewerkstellig by 'n verkiesing. Sewe maal is dit deur dr. Malan verydel. **Die Ossewabrandwag sal mede-pligtigheid vir hierdie volksverbrokkeling op hom neem indien hy dr. Malan langer sterk in sy kwaad deur aanbiedinge van hulp terwyl dr. Malan reeds genoegsaam getoon het dat hy geen volksverkiesing wil hê nie, maar net 'n partyverkiesing, dat hy geen volksoorwinning begeer nie, maar net 'n party-oorwinning.**

Daarom het dit die plig van die Ossewabrandwag geword om by 'n verkiesing die leiding op hom te neem en alle Afrikaners tot samewerking te mobiliseer ten einde vir eens en vir goed 'n vernietigende hou te slaan teen partypolitieke verdeeldheid.

**Dit sal die Ossewabrandwag nie 'n party maak nie, net so min as wat sy verkiesingspogings in die verlede hom 'n party gemaak het. Dit sal net die volk tot 'n groter geheel saamsluit teen die verderflike invloed van dr. Malan se enghartige en verbrokkelende beleid.**

# Word Nou Volledige Volksbeweging

Toe die Ossewabrandwag op 3 Junie 1941 in Bloemfontein onderneem het om sy gewig in geval van 'n verkiesing agter die parlementêre front in te werp, **het hy die stembus nie as wapen verwerp nie.**

Toe die Ossewabrandwag op 4 Januarie 1943 'n aanbod aan die politieke partye gedoen het om 'n volksfront te skep by die **verkiesing** waaragter die Ossewabrandwag sy organisatoriese steun sou inwerp, **d.w.s. kiesers sou aanry na die stembus met sy eie middele, het hy nie 'n party geword nie.**

Toe die Ossewabrandwag sy lede aangeraai het om op 7 Julie 1943 teen die Empire te stem, en tienduisende van hulle vir dr. Malan se kandidate gestem het, **het die Ossewabrandwag nie deelgeneem aan die partypolitiek nie, maar 'n volksbeweging gebly.**

Toe die Malan-partygroep kort gelede in Wakkerstroom geveg en met O.B.-hulp gewen het, het hulle die O.B. nie beskuldig dat hy deelneem aan die partypolitiek nie. **Hulle het geweet dat die O.B. op alle fronte veg.**

Waar die Ossewabrandwag nou verklaar dat hy in 'n volgende verkiesing moontlik self die leiding op hom kan neem **om 'n volksfront by die stembus te skep,** terwyl hy dit tevore aan dr. Malan oorgelaat het **wat keer op keer bewys het dat hy nie vir die volk wil veg nie dog net vir sy eie party,** daar het die Ossewabrandwag net so min 'n party geword as wat hy dit op 4 Januarie 1943 geword het **toe hy 'n volksfront by die stembus voorgestel het.**

Deur in die toekoms self die politieke leiding op hom te neem ten einde die volk te organiseer tot 'n beslissende slag by die stembus teen die Empire en die Empire se parlement, **word die Ossewabrandwag net nog meer van 'n volksbeweging as ooit te vore.** Hy het reeds 'n jeugfront, 'n arbeidsfront en 'n buiteparlementêre front. Voorheen het hy die parlementêre front aan dr. Malan oorgelaat, wat egter 'n mislukking daarvan gemaak het. **Nou gaan hy die volk saamsnoer in een geweldige mag wat aan die arbeidsfront met sy hele gewig slaan teen die kommunisme, aan die jeugfront met sy hele gewig slaan teen die „Catch Them Young"-beweging, en aan die parlementêre front met sy hele gewig slaan teen die Empire se partystelsel. Hy het dus nou 'n VOLLEDIGE Volksbeweging geword. Indien die volksfront onder sy leiding by die stembus wen, word die parlement afgeskaf en vervang deur 'n Republiek waarin daar eenheid en samewerking sal heers.**

Die Ossewabrandwag word nie 'n party nie omdat hy nie in die parlement wil gaan sit en redekawel nie. Die dag as hy wen, skaf hy die parlement af. **Daarom bly die verskil tussen hom en enige party dit, dat hy die huidige stelsel met sy volksverdeeldheid wil omverwerp, terwyl die partye hierdie volksverdeeldheid wil bestendig.**

Ons het altyd gehoop om hierdie doel te bereik met behulp van dr. Malan as leier van die parlementêre front. **Dr. Malan het egter bewys dat hy hom ten volle vereenselwig met die verbrokkelende partystelsel en dit wil handhaaf. In plaas van te verenig skop hy nog steeds meer Afrikaners uit. Hy het getoon dat hy nie vir die volk 'n verkiesing wil veg nie, maar net vir sy eie party. Daarom is die Ossewabrandwag nou verplig om self die leiding op hom te neem van die stigting van 'n volksfront by die stembus, d.w.s. wanneer die tyd daarvoor aanbreek, want voorlopig vereis die buiteparlementêre stryd al ons kragte.**

# Die Nuwe Wapen

**(DEUR PROF. J. A. WIID.)**

In elke oorlog kry die menslike uitvindingsvernuf dit reg om nuwe wapens en nuwe teenwapens te vervaardig. 'n Dergelike nuwe wapen in die oorlog van 1914-1918, toe die aanvanklike bewegingstryd in 'n stellingsoorlog (loopgrawe-oorlog) ontwikkel het, was b.v. die tenk. Hierdie tenk was egter 'n kleinigheid, wat konstruksie en funksionering betref, in vergelyking met die nuwe wapen wat die Duitsers gedurende die laaste agt weke teen Suid-Engeland en Londen gebruik.

Die wêreld, uitgenome die klompie Duitse deskundiges, verkeer op die oomblik nog taamlik in die duister omtrent die konstruksie en samestelling van hierdie wapen. Die Britte en ook die Duitsers praat van „vliegende bomme" wat elk van 2,000 tot 3,000 pond weeg. Die wêreld weet dat hierdie bomme van basisse op die Europese vasteland afgestuur word wat ten minste ongeveer een honderd myl van Londen en omgewing verwyderd is. Die wêreld weet voorts dat hierdie vliegende bomme geen bemanning het nie, d.w.s. loodsloos is en dat hulle nie deur 'n verslytbare kanonloop gaan nie.

Oor alles verdere in verband met die konstruksie van hierdie bomme verkeer die Geallieerdes min of meer in die duister Aangesien hierdie goed dadelik ontplof as hulle met Engelse bodem kennis maak, is dit natuurlik onmoontlik om 'n vliegende bom in 'n Britse laboratorium te kry waar die geheime van sy samestelling bekend kan word. As die geheime van hierdie geheimsinnige bom tot sy ontploffingsmiddels en metaalbestanddele beperk was, dan sou die nuwe wapen vir die Britte geen al te groot hoofbrekens besorg het nie. Dit is egter die meganisme van die vliegende bom wat vir die Britte die bron van sorge en onsekerheid is. Hoe kry die Duitsers dit reg om so 'n swaar projektiel oor so 'n groot afstand te „skiet" sonder die gebruikmaking van kanonloop of vliegtuig?

**Die Uitwerking van die Vliegende Bom**

Oor die uitwerking van hierdie nuwe wapen sal die mense van Londen en Suid-Engeland die beste kan oordeel. Hulle is in die posisie om te kan vasstel of veldm. Smuts gelyk gehad het toe hy onlangs voor die troepe in Italië die vliegende bom 'n „damp squib" ('n klam klapper) genoem het. Volgens Reuter lyk dit of ons Premier ongelyk gehad het. Die grootskaalse ontruimings van die burgerlike bevolking uit Londen en omgewing spreek 'n ander taal. Hier voor my het ek 'n Kaapstadse koerant van 8 Augustus waarin 'n berig staan dat Llewellin, Britse minister van voedsel, verklaar het dat Londen nou al byna twee maande die spanning verduur wat gelyk staan aan „swaar kanonvuur dag en nag". In dieselfde koerant vind ons ook 'n berig uit Londen waarvolgens Italiaanse krygsgevangenes wat op plase in Suid-Engeland werk, gedreig het om te staak tensy hulle uit die meteoor-gevaargebied verwyder word. Uit dieselfde koerant, nog altyd van 8 Augustus, verneem ons dat Jan Masaryk, die vlugteling Tsjeggiese eerste minister in Londen, in 'n radiorede gesê het: „Die Britte sal Hitler die stelselmatige doding van burgerlikes deur middel van vliegende bomme nooit vergeef nie en as die Duitsrs illusies het dat die Britte op die vredesonderhandelings genadig sal wees, maak hulle 'n fundamentele fout."

Uit dit alles blyk dit dat veldm. Smuts se „klam klappers' net so min 'n getroue beskrywing van die werklikheid is as die nuusberigte waarvolgens die vliegende bomme 'n spesiale voorliefde vir kerke en hospitale aan die dag sou lê.

Masaryk se woorde van Britse „vergiffenis" en „genade" by die vredesonderhandelings herinner voorts aan 'n toespraak wat Winston Churchill op 4 Maart 1919 voor die Britse laerhuis gelewer het. Hierdie toespraak is gehou vyf maande na die wapenstilstand in 'n tyd toe die blokkade, nieteenstaande Wilson se veertien punte in die wapenstilstand, nog in volle werking was. „Ons hou al ons dwangmiddels in volle werking of in onmiddellike gereedheid vir gebruik. Ons pas die blokkade met krag toe. Ons het sterk leërs gereed om met die kortste kennisgewing op te ruk. Duitsland is baie naby hongersnood. Al die getuienisse uit Duitsland bewys eerstens die groot ontberings wat die Duitse volk ly en tweedens die groot gevaar van 'n ineenstorting van die ganse struktuur van die Duitse sosiale en nasionale lewe onder die druk van honger en ondervoeding. Nou is dit dus die oomblik om af te reken (now is therefore the moment to settle). Aldus Churchill in 1919.

**Die Revolusionêre Betekenis van die Nuwe Wapen**

Geen denkende mens sal op die huidige tydstip van die oorlog dit waag om aan die vliegende bom as sulks 'n oorlogbeslissende betekenis te gee nie. Geen wapen op sigself kan beslissend wees nie. Daar is so baie onsekere faktore waarmee 'n kommentator rekening moet hou. So baie hang af van die brein, die hart en die hand van diegene wat die wapen gebruik. So baie hang af van die oorlogsmoraal, die algemene ekonomiese en staatkundige posisie aan die tuisfront. So baie hang ook af van die vyand. Wat die vliegende bom betref, hang dit af hoe veel van hierdie wapen die Duitsers tot hul beskikking het, in hoeverre hulle hierdie wapen nog verder kan ontwikkel of met nuwe soortgelyke „geheime" wapens voor die dag kan kom.

Volgens 'n berig in The Cape Argus (12 Augustus) van sy Londense korrespondent staan 'n nuwe Duitse wapen reeds voor die deur. Hierdie vliegende bom of V2 sou tien ton weeg as hy sy doelwit bereik. Ook skryf gemelde korrespondent van „ongewone wapens" wat die Duitsers in die jongste tyd sou vervaardig het.

Wat die toekoms ook al ten opsigte van nuwe wapens mag lewer, dit staan vas dat die vliegende bom reeds nou al 'n revolusie in die oorlogsvoering teweeg gebring het. Met hierdie stelling sal die mense van Londen en Suid-Engeland waarskynlik akkoord gaan. In die volgende artikel meer oor die revolusionêre betekenis van die vliegende bom.

## SNAAKS

Die Ossewabrandwag is gedurig beskuldig dat hy Hitler se metodes volg. Hitler het sy revolusie deur middel van 'n verkiesing bewerkstellig. Nou dat die Ossewabrandwag beklemtoon dat hy miskien self leiding sal moet neem by 'n verkiesing om die omwenteling teweeg te bring, sê die demokrate hy het van beleid verander. **En tog het die O.B. sedert 1941 sewe pogings aangewend om die volk by 'n verkiesing te verenig** — maar hy het net die fout gemaak om dit aan die leiding van 'n enghartige partyleier oor te laat, wat nie vir die volk wou veg nie, dog vir homself.

● Gekookte stampmielies se water kan vir stysel gebruik word.

## OSSEWABRANDWAG-DAG

KOMMANDO F6a2 TREK SAAM

op

*19 Augustus 1944*

te

SWARTRUGGENS

by

H/KOMDT. BLOM.

Verrigtinge begin om 10 v.m. 2 n.m. Toespraak deur

H/GENL. A. J. H. VAN DER WALT

van Potchefstroom.

Alle omliggende eenhede word vriendelik uitgenooi om die funksie by te woon.

BOEREGEREGTE, TOUTREK, JUKSKEI, ens.

